

UITREIK- GELOOFSOFFERBELOFTE

Op Sondag 1 Maart

word die Geloofsofferbelofte opgeneem vir die tydperk

1 Maart 2009 tot einde Februarie 2010.

Bid asseblief nou al hieroor.

Net weer ter herinnering wat 'n Geloofsoffer-belofte is:

Dit is op 'n Bybelse beginsel gegrond (sien 2 Kor. 8, 9);

Dit is bo en behalwe die dankoffers wat aan die plaaslike gemeente behoort.

Vra God vir leiding ten opsigte van die bedrag;

Vertrou God biddend vir daardie bedrag;


Smaak die vreugde van God se getroue voorsiening;

Wees deel van God se plan om die verlore wêrelde met die Goeie Nuus van Verlossing te bereik.

Hieruit sien ons 'n Geloofsoffer is 'n belofte wat aan God gemaak word.

Dis 'n persoonlike offer wat in die geloof gemaak word, met die verwagting dat God jou wil gebruik as instrument om finansies te voorsien vir die uitbreiding van Sy Koninkryk.

Ds Leon Tait



Maandblad

Februarie 2009

Woordkrag is herlewingskrag

U Woord maak my lewe vol blydskap; dit wys my hoe om elke dag te leef (Ps 119:24)

Voor ons lê nog ongeveer 335 dae van 2009. Hoe kan ons die beste maak van die jaar? Hoe kan ons leef soos God wil hê, en hierdie jaar aan Sy doel beantwoord?

Deur elke dag duidelik en vars te hoor wat Hy vir ons sê! Dit vind ons in Sy Woord. Wie elke dag uit die Woord leef, leef met Woordkrag!

Hoe leef ons uit die Woord?

- Lees:** Lees die Woord elke dag. Maak tyd om stil te word met die Woord. Lees dit sistematies bv lees 'n Bybelboek of 'n brief van vooraf deur, skrif deel vir skrif deel per dag.
- Luister:** Vra die Heer om die woorde wat Hy spesiaal vir jou wil sê te laat uitstaan, jou diep te raak en jou hart aan te gryp. Die Heilige Gees antwoord graag hierdie gebed!
- Leef:** God praat met ons as ons ernstig is om te doen wat Hy sê. Jakobus bevestig dit: *Iemand wat ernstig in God se wil belangstel, en dit wat hy daar hoor ook gaan doen, het die ware geluk en sin van die lewe ontdek (Jak 1:25).*
- Liefde:** Vir God is die heel belangrikste in die lewe liefde vir God en liefde vir jou medemens. Daarom, vra by elke gedeelte: hoe help hierdie gedeelte my om God of my medemens liewer te hê?
- Loof:** vra by elke gedeelte, waarvoor kan ek vandag God loof? Loof Hom daarvoor!!

Leef met Woordkrag en geniet dit!
Ds Leon van Heerden





- * *Tans is daar 10 inwoners (7 manne en 3 dames).*
- * *Een keer per week word 'n omgeegroep by die huis gehou deur Stanche.*
- * *Een minste een keer per maand kom woon hul eredienste by ons by.*
- * *Die Here voorsien getrou elke maand vir die R7 000 bedryfskostes van die huis.*
- * *Handwerkprojekte van houtwerkrtikels word gemaak deur een persoon. 'n Paar ander het verkope van goeie weedehandse stene begin. (Dankie! vir die persoon wat die stene voorsien.) Een persoon doen al die kook en kosmaakwerk (hy geniet dit!).*
- * *Hul doen hul eie huisskoonmaak en tuinwerk (al moet ons nog weekliks die grasmaasjien leen).*
- * *'n Paar word geleer om hul rekenaarvaardigheid op te skerp.*
- * ***Wat is ons grootste behoeftes op hierdie stadium?***
- * *Storte moet dringend ingerig word.*
- * *Hangkaste word baie dringend benodig ('n aantal ouens se klere hang teen mure en op drade).*
- * *Grassnyer (word tans weekliks geleen).*

Dankie vir jul wonderlike ondersteuning en hulp!

Ds Leon van Heerden

en hoe om dit verder te vat, en bereik baie mense in 'n wye gebied deur middel van die Gurue radiostasie.

In die "Uithoek van die wêreld": Verskeie sake en sendelinge word hier ondersteun: Alta Glas werk al verskeie jare in Kambodja. Die mense het met die jare haar al meer begin vertrou, en op die oomblik het sy baie geleenthede waar sy die evangelie kan en mag versprei. Tydens die Uitreikweek einde Februarie vanjaar sal sy ons meer kom vertel. Onder "Uithoek van die wêreld" word ondersteuning ook aan Radio Feba en Trans Wêreld Radio gegee.

Daarby is ons ook op verskeie maniere betrokke by sending aan die Koerde, op die oomblik veral aan diegene wat in Oos-Turkye, Noord-Irak en Armenië woonagtig is. Die Koerde is een van die volke in die wêreld wat die minste met die evangelie bereik is. Ons is al 10 jaar betrokke by Dana en Samantha wat as sendelinge aandag gee aan die Koerde in Noord-Irak, en wat meegehelp het om 'n kerk daar te stig. Ons as gemeente ondersteun hierdie Wargah kerk finansieel, asook vir Dana en Samantha met hul werk. Hulle sal tydens die Uitreikweek einde Februarie vir ons meer van hul werk kom vertel.

Vanaf 2 jaar gelede is ons as gemeente ook betrokke by die Koerde in Armenië, veral by 'n klein kerkie met so 60 Koerdiese Christene. Hulle is aan die brand vir die Here, en al is hulle klein, ondersteun hulle twee sendelinge wat onderskeidelik onder die Koerde in Turkye en Georgia die evangelie bring.

Ds Leon Tait

UITREIKWEEK 2009

Die week van Sondag 22 Februarie tot Sondag 1 Maart is Uitreikweek in ons gemeente, waar die verskeie taakspanne van die Uitreikbediening, naamlik Sending (uitreik vanaf hier tot in die uithoek by verskeie plekke soos in hierdie Rietfluit uiteengesit), Getuienis (Bybels, evangelisasie, samewerking met ander christenkerke), asook Barmhartigheid (Allimentasie, troosbediening, siekesorg, begrafnisbediening, motorwagprojek) geleentheid kry om hul werksamhede bekend te stel.

Wat die weeksdae aanbetrif, kry van die sendelinge wat ons ondersteun geleentheid om op die Maandagaand terugvoer te kom gee, die Dinsdagaand vertel Getuienisbediening wat hulle doen, en op die Woensdagaand hoor ons meer van Barmhartigheid se werksamhede.

TAAKSPAN VIR GETUIENIS

Geagte Lidmaat, hierdie Taakspan het u nodig! Ons benodig nog lede, asook iemand wat leiding sal gee. Hier is wonderlike geleenthede om in die Here se diens te staan: as u 'n hart het vir Bybelverspreiding, vir evangelisasie, en vir samewerking met ander kerke, dan is hierdie die plek waar u moet wees! Ons kom weer op Maandag 2 Maart om 18:00 byeen by die kerk (vir enige navrae kan u Ds Tait skakel).

Waarop fokus ons? Onder "getuienis" verstaan ons om op enige wyse mense met die evangelie van Jesus Christus bereik en by 'n Christelike kerk/gemeente (verkieslik kleingroep) te help inskakel.

As ons verwys na mense in bostaande sin, dan bedoel ons almal (ongeag geslag, ouderdom, ras) binne die gemeente en gemeenskap wat nog nie evangelieboodskap gehoor het nie of wat gehoor het maar nog nie verstaan nie of nog nie daarop gereageer het met oorgawe aan God Drieënig nie.

Ons doen dit deur Bybels te versprei, fondse vir Bybels in te samel (o.a. tydens die Geloftediens, asook met Bybelbussies waarmee ons gemeente se kinders rondgaan), iets te maak van Bybelsondag (laaste Sondag van Augustus elke jaar), en om die Bybelgenootskap finansieel te ondersteun.

Ons bied ook toerusting t.o.v. evangelisasie aan sodat lidmate met groter vrymoedigheid van die Here kan vertel. En dan ondersteun ons ook samewerking met ander christelike kerke, o.a. die Pretoria Dowe gemeente, en deur middel van Christ for MOOT vir Christus (CMC).

Daar is eintlik so baie maniere waarop mense vir die Here bereik kan word – kom help ons groter dink en doen!

TAAKSPAN VIR SENDING

10 jaar terug het die Here dit op die gemeente se hart gelê om meer by sending betrokke te wees, naamlik om mense wat nog nie van die Here gehoor het nie (hier naby sowel as tot in die uithoek van die wêreld – Hand 1:8) met die evangelie te bereik. Verskeie sendelinge en sendingaktiwiteite word ondersteun met betrokkenheid, gebed en finansies, waarvan net die hooftrekke vir u hier deurgegee word:

In "Jerusalem": Ons is betrokke by Laudium waar Bybels en ander literatuur versprei word en waar elke Maandag 'n deur-tot-deur uitreik plaasvind onder die Moslems en die Hindoes.

In "Judea": Die gemeente is al vanaf die sewentigerjare betrokke by Limpopo sending (Ellisras se kant toe) waar ds Harold Weepener al baie jare diens doen saam met evangeliste.

Ons is ook betrokke by 'n huis vir gestremde kinders daar. Ds Harold Weepener het intussen afgetree en ds Hannes Peens van NG Gemeente Marken hanteer die werk nou.

In "Samaria": Hier is ons betrokke by die noordelike deel van Mosambiek, by name Gurue. Allen en Ansie van der Merwe doen as sendelingpaar wonderlike werk hier in moeilike omstandighede. Hulle bring die evangelie vir die mense, lei plaaslike mense op in die Woord

!! Onthou-Datums !!

1-5 Februarie:

Toewydingsweek - Jy kan meer kom leer oor al die werksaamhede van die gemeente en saam voorbidding doen daarvoor.

7 Februarie:

*Dien-mekaar geleentheid - Op verskillende maniere doen ons iets vir ander om hul te help en te seën.
Wat se vaardigheid het jy om vir 'n ander iets te doen?
Dink skeppend!
Niks is te klein of gering nie.*

8 Februarie:

Gemeente-Dankofferbelofte - Kom verbind jou opnuut tot 'n maandelikse dankoffer wat Hom eer en die gemeente in staat stel om ons roeping gehoorsaam uit te leef.

15 Februarie:

Barmhartigheidsnagmaal - Ons gaan deernis bewys aan Vosstraat se inwoners bv vir hul ontmoet, tydens die diens bid, en saam met hul braai en eet by gemeente- ete.

15 Februarie: Gemeente-ete.

22 Februarie tot 1 Maart:

Uitreikweek!

Die werksaamhede van Sending, Getuienis en Barmhartigheid word bekend gestel.

1 Maart:

Geloofsofferbelofte - Maak 'n verskil in ander se lewens wat stukkend en verlore is, deur te gee!

Die Here roep ...

Here, wanneer U roep, roep U met 'n doel en vir 'n spesifieke taak. U roeping sluit egter ook toerusting in vir dit waarvoor U ons roep. U roep. Urustoe. Uvoorsien.

Vader; U ken my. Dit is U wat my gevorm het; U wat my uitverkies het en U wat my wil gebruik, al is dit waarvoor U my wil gebruik, nie altyd lekker of maklik nie.

Soms gebruik U net my rustige teenwoordigheid by ander; soms net 'n trooswoord of 'n woord van bemoediging; soms 'n lering, maar ook soms 'n woord van teregwywing. U besluit self as watter soort instrument U my wil gebruik - as 'n sagte trooslappie of 'n hamer wat moet slaan om die verkeerde uit te wys (al is dit moeilik om ander op die verkeerde te wys).

Tog laat U my nooit alleen nie - ek hoef nie bang te wees nie. U is altyd by my. U gee Uself aan my: U beeld en eienskappe, U Gees, woorde, nabyheid en inwoning, U heiligkeit, U beskerming, U liefde, bemoediging en ondersteuning.

Daarom kan ek reageer wanneer U roep. Daarom kan ek gehoorsaam wees. Daarvoor loof , prys en dank ek U..

Pitkos

Ons tob soveel oor gister... beplan soveel aan more... en onderskat so die wonder van vandag. Leef elke dag VOLUIT, toegevou in God se kosbare liefde!

Leraars tot jou diens

Die leraars sal graag vir jou tot diens wees. Maak gerus 'n afspraak! Indien jy 'n besoek verlang kan jy dit ook per afspraak reël. U kan ons kontak by:

Ds Leon van Heerden:
(012) 331-3023 of 083 660 1803

Ds Leon Tait:
(012) 333-470 of 082 601 4235

Pastoralehulpe:
Ds Ernst Rischmüller (seniors): (012) 330-0632 of 082 728 8406

Louis Scheepers (Jeug):
078 258 5092

Kerkkantoor:
(012) 331-3531

E-pos: ngriet@absamail.co.za
Web: www.rietfontein-suid.ng.org.za

OORDENKING : UITREIKMAAND**ELKE GELOWIGE BEHOORT ANDER VAN JESUS TE VERTEL**

- * **By** die wonderlike visvangs waarvan in Lukas 5 vertel word, het Jesus aan Simon, 'n gewone visserman, gesê: "Moenie bang wees nie. Van nou af sal jy mense vang" (vers 5). Om mense vir die koninkryk van God te wen, beteken om 'n visser van mense te wees. En dit geld vir elke christen.
- * **Dit** is so belangrik dat mense moet glo in Jesus; geen goud of silwer is soveel wert of kan dit koop nie. In Markus 8:36 en 37 staan daar: "Wat help dit 'n mens tog om die hele wêreld as wins te verkry en sy lewe te verloor?" Daar staan ook dat 'n mens jou nie moet skaam vir die Here en sy woorde te midde van ontroue en sondige mense nie; nee, jy moet hulle van die Here vertel.
- * **Dat** elke gelowige / christen geroep is om ander na Jesus te lei, spreek ook uit die gebed van Jesus in Johannes 17, wanneer Hy in vers 20 bid: "Ek bid egter nie net vir hulle (gelowiges) nie, maar ook vir die wat deur hulle woorde tot geloof in My sal kom".
- * **Broer**, Suster, elkeen van ons het deel aan die belangrike taak en roeping om ander van esus te gaan vertel. Kyk net wat staan in Romeine 10:13 en 14: "...elkeen wat die naam van die Here aanroep, sal gered word. Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie?" Elkeen van ons moet help toesien dat hulle wat nog nie gehoor het nie, kan hoor.
- * **Die** verkondiging van die evangelie van vrede is nie net aan die dominees, ouderlinge en diakens toevertrou nie. Elke gelowige is geroep om die evangelie te verkondig. In 1 Petrus 2:9 word daar aan die hele gemeente gesê: "Julle is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig".
- * **Niemand** van die gemeente word uitgesluit nie, almal is geroep om te verkondig. Ons kry 'n pragtige voorbeeld hiervan in die boek Handelinge. In hoofstuk 8 se 1 a a s t e vers lees ons dat daar met hewige vervolging teen die gemeente in Jerusalem begin is, en dat almal, behalwe die apostels, verstrooi is. En dan in vers 4: "hierdie gelowiges (nie die apostels / die dominees nie) wat uitmekaar gejaag is, het so ver as wat hulle gegaan het, die evangelie verkondig". Die Here gebruik elke gelowige om sy blye evangelie uit te dra. Hy wil ook JOU as christengelowige gebruik!
- * **En** kyk net wat staan in Jakobus 5:20 en Lukas 15:10 : "...weet dan dat hy wat 'n sondaar van sy dwaalweg terugbring, hom uit die dood red en maak dat 'n menigte sondes vergewe word", en "...daar is blydskap onder die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer".
- * **Broer**, Suster, vertel, verkondig, leef u christenskap uit, ondersteun uitrekgeleenthede, want die eer van die Here is op die spel, die Here beveel ons daartoe, ons is dit aan ons medemens verskuldig, en die liefde van Christus dring ons daartoe!

Ds Leon Tait

